FARMASEUTIESE BEDRYF

Kokosneutolie vir Afrika verwerk

Mosambiekse kleinboere ook bevoordeel

Letitia Watson

Kaapstad. – 'n Suid-Afrikaanse maatskappy en private-ekwiteitsfonds het groot planne om kokosneutolie vir plaaslike bedrywe te vervaardig.

Daar is 'n sterk vraag daarna in veral die farmaseutiese en skoonheidsmiddelbedryf, sê Deon Coetzee, uitvoerende hoof van Vida Oils International.

Vida Oils en Agri-Vie, 'n private-ekwiteitsfonds wat op voedsel- en landboubeleggings in Afrika suid van die Sahara fokus, het pas 'n vennootskap van sowat R37 miljoen aangegaan om kokosneutolie in gespesialiseerde olies en vette te verwerk. Dit word ook in die voedsel- en chemiese sektor gebruik.

Vida Oils verkry die kokosneute in Mosambiek en die olie word daar tot 'n rou vorm verwerk. Dit word dan in Suid-Afrika by Vida Oils se aanleg in Isithebe in KwaZulu-Natal geraffineer en verwerk vir menslike gebruik.

Die plan is om verskaffing in Mosambiek – en mettertyd Tanzanië en Wes-Afrika – uit te bou sodat dit nie meer nodig sal wees om kokosneute van Asiatiese verskaffers te kry nie.

Die Mosambiekse bedryf is grotendeels onontgin en net 'n klein deel van die kokosneute wat daar geproduseer word, word tans verwerk, sê Coetzee. Om in die vraag te kan voorsien, sal Vida voorlopig nog kokosneute in Asië moet kry.

Coetzee sê so ver hulle weet, is die vennote se bedryfsplan die enigste wat fokus op die verkryging, verwerking en verkope net in Afrika. "Ons beplan om die opbrengs van kokosneutolie oor die volgende drie tot vyf jaar in Mosambiek aansienlik te verhoog. Oor dié tyd wil ons tussen drie en vier keer soveel investeer as nou."

Die plan is om ook markte vir Mosambiekse kleinboere te ontsluit deur die dop van die kokosneute en ontwortelde bome te verwerk.

Vida Oils is besig om al sy bedrywighede op te gradeer om aan ISO- en FSSC 22000-spesifikasies te voldoen.